trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 4 FEBRUARIE 2018

OGGEND 09:00

GOD BOU EN BEWAAR SAAM MET ONS OMDAT HY ONS LIEFHET – VERTROU IN GELOOF

Skriflesing: Psalm 127

Alles kom tot niks as die Here se seën nie daarop rus nie. Dit is die gedagte wat die psalmdigter vir ons baie duidelik maak in Psalm 127. Tog word dit vir ons duidelik gemaak dat God se wil geskied ook wanneer die mens aan die slaap is. Selfs wanneer ons aan die slaap is, is God steeds besig met sy raadsplan. Dit is egter nie vir ons 'n verskoning om nie deel te wees van die bouwerk nie. Psalm 127 wys vir ons hoe ons danksy God se liefde ook werksaam kan wees wanneer ons gelowig op God vertrou

AAND 18:00

PAULUS EN DIE GEMEENTE VAN EFESE

Ons stap vanaand saam met die gemeente in Efese die pad wat Paulus ook saam met hulle gestap het. Vanaf Paulus se besoek (soos beskryf) in Handelinge tot by Johannes se brief aan hulle in Openbaring.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 6 Februarie
Bybelstudie 18:30
Kernkerkraadsvergadering 19:00

Woensdag, 7 Februarie
Bybelstudie 09:00

Vrydag, 9 Februarie
Manne-oggend 05:30

SONDAGAANDE: 1E KWARTAAL	
Datum	**Geleentheid**
4 Februarie	Aandbyeenkoms
11 Februarie	Aandbyeenkoms
18 Februarie	Aandbyeenkoms
25 Februarie	Nagmaal 19:00

facebook.com/GKTrinitas

2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Elbie Ehlers ☎0788010131 sterk by haar ouers aan na haar operasie.
- Chrissie van Jaarsveld ☎0724992436 gaan Dinsdag na Cormed vir 'n inspuiting in haar rug.
- May Bezuidenhout ☎0825842703 gaan Dinsdag vir 'n operasie. Sy is steeds by haar dogter in Pretoria.
- Tannie Hester de Lange ☎0829666826 se kleindogter wat in Australië woon, is oorlede. Die begrafnis was reeds 25 Januarie. Dit is ook die dogter van Adri Vorster ☎0829057116 se suster.
- Curla du Plessis ☎0833040977 gaan Dinsdag vir angiogram in Midvaal hospitaal.
- Lizelle van Zyl ☎0169322902 wag vir datum om na Baragwanath te gaan vir ondersoek na moontlike kanker onder haar arm.
- Peter en Hestie Venter bedank almal vir boodskappe en oproepe van gelukwensing met Adriaan se geboorte verlede week.
- *Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.*

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

04/02	Philip du Plessis	☎0834556957
04/02	Dirk Lourens	☎0836864371
05/02	Jackie Kleynjan	☎0833814020
05/02	Levina Vermeulen	☎0835049884
06/02	Tertius Buys (snr)	☎0834681054

06/02	Corné Cronjé	☎0832932995
06/02	Rikus Groenveld	☎0765263945
07/02	Anna Kotze	☎0725428799
09/02	Oebele Feenstra	☎0722382282
09/02	Danie Roelofse	☎0169311591
10/02	Michael Language	☎0728238538
10/02	Jokkie vd Westhuizen	☎0721463934

SPESIALE VERJAARSDAE

9 Feb. Danie Roelofse, 80.

HUWELIKSHERDENKINGS

4 Feb.	Chris en Patsy van Schalkwyk ☎0826134447	57 jaar
7 Feb.	Chris en Marie Viljoen ☎0723830800	59 jaar
8 Feb.	Harry en Johanna Broersma ☎0722582065	32 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

BYBELSTUDIES

Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).

Dinsdae om 19:00.

Woensdae om 09:00 by die kerkgebou.

(tensy anders per SMS gekommunikeer)

VERJAARSDAGTEE

Die volgende verjaarsdagtee vind op Sondag, 6 Mei plaas. Gasvryheid-diensgroep.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
Coenraad Labuschagne, Fanie vd Merwe

DIAKENS AAN DIENS
Marie Oliver, Michiel J v Vuuren

KOSTER AAN DIENS
Elsa Prinsloo

KOLLEKTES
Onder die erediens vir Diakonale Kas
04/02 - Chris Buys-fonds
11/02 - Sending/Evangelisasie

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)
Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 28 Januarie:

Graad 1 – 3
EENHEID 1: VRIENDELIKHEID AAN DIE WERK!
Graad 4 – 6
EENHEID 1-3: WALK WITH JESUS **
Graad 7 – 9
*LIFE AT SCHOOL **
Zooming in on you
Zooming in on everyone else
Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)
Dankbaarheid
*** Die graad 4 – 9 handleiding is tans slegs in Engels beskikbaar. Ons beoog om dit so gou as moontlik te vertaal.*

Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk. Indien daar ander reëlings is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesins-bybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrief nie, aangesien hulle daarvan mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe.

***Jeugkleingroepe vir Graad 7 – 11 sal Sondae om 16:30 plaasvind**.*

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING
Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel

en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik.
Ons benodig meer mense om te help!
Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

Kinder-erediensbegeleiding
Jesus het opgestaan!
(Matteus 28)



DIENSGROEPE
Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al die huidige diensgroepe van Trinitas. Kyk gerus daarna en kontak die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

TEESKINK
Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie. Sondag, 11 Februarie skink Jorien Duminy se groepie. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Indien jy belangstel, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop **(plaas skenkings in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Gee gerus jou naam deur aan die kerkkantoor of Jolani Lourens ☎0823359586 indien jy wil kom help.

VERSPREIDING VAN KLERE
Kontak Jan van der Westhuizen ☎ 0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

Ons benodig die volgende items (tweedehands ook welkom) vir die Deurgangshuis:
Kisvrieskas, wasmasjien en tuimeldroër. Baie dankie. Hardus.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer.
Die volgende items word opgelaai vir herwinning:

- Kartonbokse
- Eierhouers
- Plastiekbottels
- Glas bottels
- Koeldrank- en bierblikkies
- Koffie- en formulemelkblikke
- Wit papier
- Koerantpapier
- Tydskrifte

Ons herwin ongelukkig nie polistireenhouers, metaalbakkies, algemene kombuis- en tuinafval, babadoeke, stukkende ruite, verfhouers of plastieksakke nie en vra dat dit asseblief nie by die herwinning afgegee sal word nie.
Ons wil graag nog 3 dromme of wheely bins aankoop vir die herwinningsarea. Kontak gerus vir Maureen van Helden ☎0923922093 indien jy daarmee kan help.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR FEBRUARIE
6 Feb. Kernkerkraadsvergadering 19:00
11 Feb. Ouderlingvergadering
24 Feb. Diakonievergadering
25 Feb. Nagmaal 09:00 en 19:00

GKSA NUUS
OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus
- E100 Afrikaanse Bybelleesplan
- Sustersaamtrek 2018
- Dorslandtrek Gedenkfees
- Transoranje Nuusbrief
- Expando - Gesonde gesinne in 'n siek wêreld

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

BEROEPE ONTVANG

- Ds C Jooste (Christiaan) van Waterberg na Brits.
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort.

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

SUSTERSAAMTREK 2018
Die Geref. Kerk Heilbron nooi alles Susters hartlik uit na die sustersaamtrek.
Wanneer: Saterdag, 3 Maart.
Tyd: 08:30
Koste: R120/persoon
Waar: Vegkop feesterrein
Spreker: GP van Rheede van Oudtshoorn
Tema: "Skuil onder God se vleuels"
Skryf jou naam op die lys in die saal. Betaal die gelde by Elsabé by die kerkkantoor in **VOOR** 19 Februarie.

TRINITAS-BOEKHOEK
Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

KLEIN ADVERTENSIES
Indien jy werk benodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief.

- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop hoenders en groente van tyd tot tyd. Kontak hom gerus vir pryse.
- KUNSKLASSE graad 8 – 12

Het jy 'n passie vir kuns? Kom raak deel van 'n kreatiewe omgewing! Kontak Rineke Visser ☎0718778260.

- Gerhard du Plessis ☎0658055245 benodig werk. (Nutsman, ongekwalifiseerde sweiser en 'boilermaker')
- Hennie van der Merwe ☎0837836677 (Catharina Botes se skoonseun) was produksiebestuurder by Mittal Staal en het daarna vir vyf jaar sy eie drukkery besigheid gehad – waar dit eers goedgegaan het, maar die laaste twee jaar sleg, en hy moes die besigheid uiteindelik sluit. Hy het tans geen werk en geen inkomste nie. Hy sal enigiets doen om vir sy vrou en kinders te sorg. Hy is ook baie handig met sy hande.

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za

NATUURLIKE KERKONTWIKKELING

Gawe-georiënteerde bediening

Ons leef met die oortuiging dat God bepaalde gawes aan elke persoon gegee het. Omdat mense die kerk vorm, kan ons dus die gevolgtrekking maak dat God vir elke kerk of gemeente ook gawes gegee het. Die rol van die leierskap binne die kerk is om die gemeente toe te rus om hulle gawes te identifiseer, maar ook om hierdie gawes te gebruik om effektief binne en buite die gemeente te bedien.

Dit klink amper te eenvoudig, maar om gawe-gedrewe te leef het enorme implikasies in beide jou persoonlike geloofslewe, sowel as die gemeentelewe.

Wanneer jy volgens jou gawes leef, werk die Heilige Gees ook aktief binne in jou. Selfs al is jy 'n "doodgewone persoon" kan jy buitengewone dinge bereik deur die werk van God.

Jy kan vir jouself dink hoe 'n gemeente sal lyk waar al die lidmate volgens hulle gawes leef en mekaar bedien. Daarom het die praktiese implikasies van gawe-georiënteerde bediening so 'n groot impak op kerkgroei.

Wanneer ons mekaar se gawes verstaan, ervaar jy drie goed:

- Jy is gelukkiger en gemakliker in jou persoonlike bediening
- Jy is meer effektief in jou bediening
- Jy word beter verstaan deur medegelowiges

As jy worstel met jou gawes, is die antwoord dalk om geduldig te wag vir die roepstem van die Here.